Geliefde Lourensrivierder

Kan jy glo, 'n maand is verby met 'n skoolvakansie én drie langnaweke op die koop toe..... Ek kan nogals gewoond raak aan hierdie tipe "pitstoppies" 😊 Laat my ook sommer wonder wat ek nou eintlik met hierdie ±30 dae gemaak het wat verby is.... en net so terloops, nooit weer sal kan gebruik nie..... Tog is dit wonderlik om te weet dat ons elke dag wat ons ons oë oopmaak 'n nuwe kans kry om te lééf en 'n verskil te maak...

Stella sing Nuwe Môre
https://www.youtube.com/watch?v=0VNEPUIghT4

NUUSKRUMMELS: 04 MEI 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

Oor drie weke, vanaf 29 Mei - 4 Junie, hou ons 'n spesiale Pinkster Reeks in die gemeente, wat gelei word deur Dr Francois Hanekom.

Die tema is "My houding in my verhoudings."

Indien jy in enige verhouding staan - met jou huweliksmaat, jou kinders, jou ouers, jou vriende, jou werkgewers of werknemers (dit beteken elkeen van ons) dan is hierdie tema net vir jou.

Maak nou reeds 'n aantekening om elke aand van 29 Mei tot 1 Junie om 19:00 asook Sondag, 4 Junie om 09:00 in die kerk te wees om te kom leer om te bou aan jou verhoudings.

BYBEL IN KERK AGTERGEBLY

MEI RIVIERTJIE NOU BESKIKBAAR OP ONS WEBWERF:

LEES BINNE	
Gemeentenuus	2
Wie ek is in Christus	3
Fokus op die Huwelik	4
Gebedsaksie	5
Reseptehoekie	6-7
Mosambiek: Quionga	8
Mosambiek Geletterdheid	9
Kinderblad	10
Blokkiesraaisel	11
Advertensie	12

Maak dit tasbaar deur Wilna Smith

Deut 11:18-20 *Hierdie woorde van die Here moet julle lewe vul. Julle moet dit as herinneringsteken vasbind aan julle hande en dit moet 'n merk op julle voorkoppe wees. Leer dit vir jou kinders deur met hulle daaroor te praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.*

Ons as mense leef in 'n fisiese, tasbare wêreld, en daarom is dit somtyds vir ons vreemd en moeilik om op die 'onsigbare' te hoop en te vertrou. Ons sê soos Thomas '*sien is glo*'. Maar om te '*glo is om werklik te sien!*' As Thomas die gate in Jesus se hande sien, glo Hy dat Jesus opgestaan het, maar elkeen wat glo dat Hy opgestaan het, sien soveel meer... 'n ewige lewe, oorwinning oor sonde en seer.
Die Here weet ons sukkel met die 'onsigbare', daarom het hy ook praktiese handelinge gebruik, bv. spoeg en grond om blindheid te genees, handopgelegging om lammes te genees. Hy kon egter dieselfde met net 'n woord vermag het. Maar

Skakel na Riviertjie op ons Webwerf:
http://www.lourensrivier.co.za/images/2017dokumente/Riviertjie%20201705.compressed.pdf

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING

STRAND DIENSSENTRUM: MOEDERSDAG TEE, 12 MEI 2017 @ 9h30 VIR 10h00
Bring gerus jou moeder of vriendin om die oggend saam met ons te kom geniet!
Vermaakkunstenaar is TOMMY OLIVER (Slegs R60 per persoon)
Heerlike eetgoed sal met tee voorsien word!
Slegs 'n aantal sitplekke beskikbaar, so bespreek plek vroegtydig om teleurstelling te voorkom.
Kaartjies by Strand Dienssentrum Ontvangs te koop: 021-8544552
Beloof om 'n heerlike oggend te wees!!

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

STRAND BUURTWAG: APRIL NUUS

Onder aan ons Nuuskrummel is ‘n uittreksel uit die nuusbrief met belangrike veiligheidsadvies vir ons jongmense wat van en na hul skole loop.
STRAND BUURTWAG is die “oë en ore van die Buurt” ’n Uitnodiging aan alle Strand inwoners om asb in te skakel by die Strand Buurtwag!! Raak betrokke en maak ’n verskil!
Indien jy graag die volledige een (met baie insiggewende en belangrike inligting) wil ontvang, kontak asb Carl Gersbach @ 083 635 2114 of chgeng@telkomsa.net

In LiG se Mei-uitgawe raak ons stil ...

Marié Britz vertel van haar 30 van stilte, en wat sy van God geleer het. LiG kuier by ‘n Dowe prediker wat die evangelie in gebaretaal verkondig. En ons leer hoedat stilte ook gebed is.
Die bekroonde sangeres, Leah, vertel in hierdie uitgawe hoe sy haar geloof lééf. Lees ook hoe jy jou kind kan leer ontspan, hoe jy stilstuipe in jou huwelik kan stuit en hoe om die seën wat jy ontvang het, aan te gee.
'n Paartjie vertel van die hartseer oor hul doodgebore kind en kenners gee raad.
LiG se Mei-uitgawe is nou te koop in supermarkte en boekwinkels.

VAKANTE POS:

- Maatskaplike Werker (4/8) - NG Gemeente Gordonsbaai
  Aansoeke word ingewag vir bg kontrakpos in kerklike maatskaplike werk.
  Minimum kwalifikasie en verwagting:
  BA Graad of diploma in Maatskaplike Werk, registrasie as maatskaplike werker by SARMD (SACSSP), geldige rybewys en eie vervoer. Kennis en ervaring van die geïntegreerde benadering 'n aanbeveling. Goeie samewerking binne kerklike- en gemeentelike struktuur asook netwerking met rolspelers en bronne. Volledige posbeskrywing is beskikbaaar by kerkkantoor.
  Vra aan by onderstaande eposadres. Vergoeding: Onderhandelbaar
  Standplaas: NG Gemeente Gordonsbaai (Kusweg 87)
  Rig aansoeke met volledige CV aan: Posbus15, Gordonsbaai,7151
  Epos: ngkgordonsbaai@absamail.co.za
  Navrae: Kerkkantoor (Sanette Strydom) Tel : 021 8561654 Faks 086 5615002
  Sluitingsdatum: 26 Mei 2017
  Die gemeente behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.
- Op soek na 'n manspersoon vir rakpakker of vrou wat opgelei kan word as bestuurder. Die salaris is nie groot nie maar vir iemand wat geen werk het nie sal dit hulle help om van voete af te kom.
  Kontak:

KAMER BESKIKBAAR

Jenningsstraat 35
Kontak: 0835920364

Oorvloedige seën

BERG 80: MEI VERJAARSDAE:

Cloete	Anna	05/07	90
Varley	Joey	05/10	80
Brand	Willie	05/16	82
Rocher	Hermann	05/16	85
Hanekom	Daphne	05/17	83
Dippenaar	Jessie	05/19	86
Fourie	Joey	05/22	86
Roux	Marie	05/23	81
Visagie	Sally	05/23	81
Van Wyk	Gwennie	05/24	86

KNIEWERK:

- Ons bid vir buite seisoenale reën, vir SA en volkome toewyding aan Jesus Christus, ons Here
- Kankerbehandeling: Paul Louw & Retha van der Westhuizen & Owen Wallis & Amanda Vosloo
- Hekkies & Tollie de Villiers herstel na aanval in huis
- Pieter Esterhuyse herstel na hospitalisasie
- Mev Singleton & Mev vd Westhuizen by Huis Jan Swart baie siek
- Ben de Wit herstel na hospitalisasie

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG 7 MEI 2017: JOH 10:1-10

VIERDE WEEK IN PAASTYD:

Wanneer Jesus in Johannes 10 by die herderbeeld aansluit, brei Hy dit noemenswaardig verder uit. Die Herder word self die deur van die skaapkraal om die skape teen rowers en ondiere te beskerm. Die Herder loop vooruit en die skape ken sy stem en volg Hom. Die Herder en die skape ken mekaar soos die Seun en die Vader mekaar ken. Dit gaan oor 'n intieme verbintenis.

Dan kom die heel belangrikste toevoeging: Die Herder lê sy lewe af vir sy skape. Meer as dit kan die Herder nie doen nie. Meer as dit kon die drie-enige God nie doen nie. Dít het Jesus vir ons gedoen.

Bron:
***By waters van rus* deur Johan Smit**

My Sheep hear My voice:
www.youtube.com/watch?v=IDvb1tXuRrU

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE

Something to Think About

Safety for Teens walking to and from school

Here are a few rules and questions that school children on foot (or on bicycle) can apply to stand a chance against robbers, abductors and attackers:

- Exactly who is walking behind me?
- Am I being followed?
- Why are those guys checking me out?
- Why is that vehicle driving so slowly near me?
- Why is that vehicle passing me for the second or third time in a row?
- That group of men make me feel uncomfortable – I must rather move away from them!
- Why is that person looking suspect to me?
- Why will this unknown person want to start a conversation with ME?
- Why am I feeling uncomfortable with the situation I'm in at the moment?
- Is that "little voice" or "feeling" trying to tell me something?
- I must **ALWAYS** take the safest road and not the shortest one!
- I must **NEVER** take shortcuts through parks, fields, backstreets or allies!
- I must **ALWAYS** walk in a group of three or more and NEVER walk alone!

- Somebody must **ALWAYS** know which road I'm going to take and also the estimated time of arrival!
- I must **ALWAYS** let somebody know when I have arrived at my destination!
- I must **ALWAYS** let somebody know about my change of plans or when I deviate from my original route!
- I must memories safe places on my route like a shop or filling station, where I can run to when in danger!
- Have my cell phone got enough airtime on to phone in an emergency and is the battery charged?
- Have I got all emergency numbers saved on my phone?
- Do I know my parents numbers by heart? (And also the **STRAND NEIGHBOURHOOD WATCH** /police emergency numbers?)
- **I MUST NOT** show off or "advertise" my I-pod / mp3 / cell phone / money in public!
- **ONLY** use my cell phone in a ***save*** place like inside a shop!
- ***I MUST NOT walk, ride or jog with headphones in my ears!***
- If I'm attacked or abducted, I must yell on top of my voice to get as much attention as possible from other people!
- The best and safest way of self-defence is still to **FLEE** when I get the chance!
- I must **ALWAYS** know what's going on around me and be on the alert!